**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**KUNS HG / SG**
**(Tweede Vraestel: Tekeneksamen)**

**TYD: 6 uur**
**(Een uur pouse na 4 uur)**

**PUNTE: 50**

---

**INSTRUKSIES:**

- Skryf jou **eksamennommer** op alle tekeninge in die **boonste linkerkantste hoek**.
- Skryf die woorde **VRAESTEL 2/2005** in die middel, bo-aan die bladsy.
- Skryf die **sentrumnommer** in die boonste **regterkantste** hoek.
- Let asseblief daarop dat die Kunsopvoeder gedurende hierdie tekeneksamen teenwoordig mag wees.
- Die Kunsopvoeder mag nie die kandidate op enige manier met hulle tekeninge help nie.

**MEDIA**

A. Jy mag enige swart-en-wit- of monochromatiese tekenmedia, of ’n kombinasie van media gebruik, soos byvoorbeeld ’n verskeidenheid potlode en grafiet, houtskool of pen en ink. **Jy mag geen kleur gebruik nie**.

B. Die eindproduk moet steeds aan die vereistes vir Teken voldoen en **nie** in die rigting van Skilderkuns neig nie.

C. Gebruik ’n fikseermiddel vir die finale tekening, indien nodig.

D. Gebruik wit of neutrale kardoespapier (cartridge paper).
**Moenie** papier met ’n growwe oppervlaktekstuur gebruik **nie**.

**GROOTTE**

Die tekening **moet** op A2-grootte papier gedoen word met ’n **maksimum** raam van 3 cm.

**b.o.**

**BRONNEMATERIAAL**

Bronnemateriaal wat vir hierdie eksamen versamel is, moet voor hierdie eksamen begin, uitgestal word.

Die bronnemateriaal is beperk tot voorwerpe wat in die eksamenlokaal ingebring kan word en 'n geklede model of modelle.

Die voorwerpe moet sodanig uitgestal word dat hulle vir al die kandidate duidelik sigbaar sal wees en moet uit die volgende bestaan:

A. 'n Wye verskeidenheid van visueel-stimulerende voorwerpe wat in grootte, fatsoen, tekstuur en vorm wissel.
Hierdie voorwerpe mag op enige manier voor die kandidaat of groep kandidate uitgestal word.

**EN/OF**

B. EEN of MEER geklede model(le) wat duidelik sigbaar vir elke kandidaat sal wees (waar nodig).

**TYDSDUUR**

SES uur word toegelaat.
Hierdie tyd moet in twee sessies van VIER UUR en TWEE UUR onderskeidelik verdeel word, met 'n pouse van EEN UUR tussenin.

**OPDRAG**

Maak 'n **perseptuele** of **konseptuele tekening** gebaseer op jou noukeurige waarneming en persepsie van die voorwerpe wat in die eksamenlokaal uitgestal word.

**OF**

Jy mag, indien jy dit sou verkies, jou tekening op die tema in die Derde Vraestel (Oop Eksamen) baseer.

**EVALUERINGSVEREISTES**

Die tekening moet getuig van die volgende:

- Ses uur se deurdagte en volgehoue werk
- Korrekte en sinvolle toepassing van formele Teken- en Ontwerpbeginsels, soos byvoorbeeld die volgende:

  – Tekenvaardigheid en insig in die Tekenkuns
  – Komposisie / uitleg / ontwerp / struktuur
  – Vorm / fatsoen / vlak / tekstuur / detail
  – Lyn / ritme / balans / eenheid
  – Toonwaardes / lig / donker / kontras
  – Ruimtelike illusies / verhouding tussen voorwerpe
  – Meriete as 'n Kunswerk

- Professionele en kreatiewe gebruik van die uitwerking en tegnieke van die betrokke media

**INHOUD**

Die tekening moet ? **Stillewe** (groep voorwerpe) en/of **Portret** of **Figuur** wees en mag **perseptueel** of **konseptueel** of **albei** wees. LET WEL: **geen foto's**, **voorbereidende tekeninge of enige ander bronnemateriaal**, bv. **fotostate en tydskrifte**, **of enige ander gedrukte materiaal** mag voor of gedurende die eksamen in die eksamenlokaal ingebring word nie. **Fotostatering word onder geen omstandighede voor of gedurende die eksamen toegelaat nie. Kandidate wat dit doen, sal streng gepenaliseer word**.

**PROSEDURE NA AFLOOP VAN DIE EKSAMEN**

- Tekeninge mag nie opgerol word nie.
- 'n Lys met die eksamennommers van die kandidate, die sentrumnommer en kontaktelefoonnommer moet aan die voorkant van die eerste werkboek vasgeheg word.
- Kandidate wat afwesig is se eksamennommers moet duidelik aangetoon word.
- Elke kandidaat se tekeninge moet aan die binnekant van die omslag van sy/haar werkboek geplaas word.
- Die werkboek en tekeninge word as 'n geheel geëvalueer.
- Werkboeke met die tekeninge moet in numeriese volgorde gerangskik en stewig vasgebind word voordat dit by die Distrikkantoor ingehandig word.

**TOTAAL: 50**

**ADDENDUM / *BYLAAG* A**

**DRAWING EXAMINATION 2005**
***TEKENEKSAMEN***

**ENCIRCLE / *OMKRING***

| HG | SG |
|---|---|

**CANDIDATE'S EXAMINATION NUMBER**
**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**CENTRE NUMBER**
***SENTRUMNOMMER***

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**DISTRICT**
***DISTRIK***

| |
|---|
| |

**EINDE**